

**BOERE-REPUBLIKEINSE KONFERENSIE, SATERDAG 29 NOVEMBER, 2014 OM 08 00  
TOT 15 00**



**1. AGENDA**

Hiermee die voorlaaste kennisgewing van die beoogde Eerste Boere-konferensie rondom Volk, Vryheid en Grondgebied.

2. Ter tafel is die aanghegte konsep-manifes ter bespreking en finalisering. Dit is nie in klipgekap nie. U gaan deur samesprekings en konsensus ons pad vorentoe bepaal. Geliewe daarop te let dat ons nie variasies op die tema gaan toelaat nie. Dit gaan ook nie 'n

geloofsbespreking wees nie. Nog minder gaan ons die Afrikaners, hgulle organisasies of hulle doen en late bespreek. Vir daardie rede word die agenda so kort as moontlik gehou. Ons besluite sal egter 'n baie wyer implikasie hê. Weet ook dat as u die konferensie bywoon, doen u dit as Boere-Republikein en bespreek ons net die herstel van die gewese Boere-Republieke. Daar is nie waarnemerstatus nie!

3. 'n Samevatting van vorige kennisgewings is die plek waar die konferensie gaan plaasvind nl.

Attitude Paint Ball Club

Ericastaat 14,

Wintersnest

Akasia. Pretoria.

4. Om die koste te delg vra ons vir 'n bydrae van R 100 per persoon. Dit sluit 'n middagete in. Ons versoek dat u die fondse sal inbetaal in die Volkskansel- rekening wat vir die doel geskep is

Geliewe u R 100 in te betaal vooraf by Bet-EL, Absa Rek Nr. 760 143 995- Tak 303-244. Gee asb. vir my kennis dat u kom.

Ons gaan 'n grootse konferensie hou en ons besluite gaan betrekking hê op ons verste toekoms.

5. Aangheg die konsep.

Onderstaande konsep sal op 29 Novermber ter tafel gelê om bespreek te word.

#### DEKLARASIE VAN VOORNEME:

1. Hiermee verklaar ons, as part en deel van die Boerevolk en as Boere-Republikeinsgesindes, ons voorneme om deur middel van oortuiging en oorreding, diegene wat hulle as lede, nasate en afstammeling van die Boerevolk beskou, oor te haal tot:

1(a). Die aanvaarding dat die Boere-republieke van die ZAR (Transvaal wat die republieke van Kliprivier en die Nieuwe Republiek van Vryheid ingesluit het) en die Oranje-Vrystaat, hierna ons grondgebied genoem, met wapengeweld en die vermoording van 35 000 Boerekinders en -vrouens, onregmatig op 31 Mei 1902, van ons Boerevolk afgeneem is;

1(b). Dat die Boerevolk en sy grondgebied agtereenvolgens deur die regerings van Groot-Brittanje, (1902-1910) die Unie van Suid-Afrika 1910-1961) en die Republiek van Suid-Afrika (1961-94) en tans deur die ANC-regering van 1994 tot op hede, bloot geïnkorporeer is; en deur vreemde getalle verswelg word;

1(c). Dat ons Boerevolk nooit in die vier tydsvakke deur enige van dié regerings, in enig opsig oor sy lotgevalle erken is nie;

1(d). Dat ten spyte van 'n opstand, bekend as die rebellie van 1914 en 'n Vredes-deputasie na Versailles in 1919, die Boerevolk se aandrang op Vryheid geïgnoreer en van die tafel gevee is.

2. Derhalwe verklaar ons as Boere-Republikeine, dat dit ons vaste voorneme is om die Herstel

en Vryheid van genoemde Boere-republieke op te eis.

3. Dat dit op vreedsame wyse en deur 'n referendum bepaal sal word.

4. Dat ons met almal rondom ons in vreedsame naasbestaan wil verkeer. Ook met diegene wie se voorouers saam met ons voorouers op hierdie grondgebied verkeer het en dat ons na wyses sal soek om vreedsame naasbestaan te verseker tot die heil en vooruitgang van die hele gebied bekend as Suid-Afrika;

5. Dat ons geen aandrang het op enige ander grond as daardie wat ons uit die uitreddende Vadershand ontvang het en waarop ons as Boerevolk volle wasdom bereik het nie;

[Piet Rudolph](#) : Organiseerder  
072 419 3516.